

Dinsdag 17 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 101

Fokusgedeelte: Psalm 101:2 (AFR83/AFR2020)

Loof die Here met 'n onberispelike lewe

In Psalm 101 besing 'n koning die troue liefde en regspraak van die Here. Hy jubel oor die Here. Op grond van die troue liefde wil die koning homself ook toespits om getrou te leef wanneer hy die volk regeer en wanneer hy reg laat geskied. Hy wil onberispelik leef voor die Here.

Om so te leef, is die grondslag van ons alledaagse lewe. Ons wil opreg leef in ons huise, in die samelewing en ook wanneer ons te doen het met mense wat in ons diens aangestel is. Dit vereis ware wysheid, veral vir diegene wat in posisies van gesag aangestel is om oral en altyd die troue liefde van die Here uit te leef. Elkeen van ons het wysheid en insig nodig om op 'n koninklike wyse te optree teenoor ons medemens.

Om onberispelik op te tree, vereis dat ons in 'n hegte verhouding met die Here leef en daarvoor moet ons die Here ken en Hom liefhê. In besonder moet ons in geloof vasgryp aan die verlossingsdade van Christus. Hy het in totaliteit opreg geleef en voldoen aan al die eise van ons Vader. Deur sy offer het Hy dit vir ons moontlik gemaak om opnuut 'n verhouding met ons Vader te hê.

Ons verhouding met die Here spoel oor in ons verhouding met ons medemens. Ons kennis en liefde vir die Here word sigbaar wanneer ons besig is met ander. Die Here is die middelpunt van ons hele bestaan. Daarom vra ons ook dat die Here ons sal bystaan en help om so op te tree dat daardie liefde na vore sal kom. Die Here is teenwoordig in ons lewe en dit word sigbaar in ons onberispelike lewe.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)